

**Dinsdag 5 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 6:22-27**

**Fokusgedeelte: Numeri 6:22-27**

### **Onder die seën van die HERE**

Moses het op 'n keer vir die HERE gesê: “As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie” (Eks. 33:15). Hy sê daarmee dat alles tevergeefs is sonder die seën van die HERE.

Het Israel dit met die uittog besef? By die berg Horeb het die HERE sy wet aan hulle gegee. Die versekering was: “Ek is die HERE jou God ...” Dit was die vertrekpunt – 'n onbeskryflike verhuising deur die woestyn, met groot uitdagings. Tog is daar geen gebed in die eerste hoofstukke nie. Hulle is die volk van God, en tog bid hulle nie, vra hulle nie sy seën op die pad nie.

God weet dat hulle sy seën nodig het. In sy grootheid gee Hy opdrag aan Moses dat Aäron en sy seuns die volk in sy Naam moet seën. God neem die leiding en gee die woorde om sy seën uit te spreek. Hy spreek sy Naam uit oor Israel van geslag tot geslag.

God doen dit vandag nog. Hy weet ons het Hom nodig! Ons kan die lewenspad nie loop as Hy nie seënend by ons is nie. Ons het Hom nodig elke tree in die lewe. Ons is nie in staat om uit eie vermoë koers te hou nie. Selfs ten tye van ons grootste suksesse staan die feit dat dit nie uit eie krag is nie. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou.

Ná sy opstanding praat die Here Jesus Christus met sy mense oor die koninkryk van God, 'n koninkryk waar Hy altyd met ons is. Met sy hemelvaart meld Lukas dat sy hande seënend oor hulle opgehef was. Sy seën rus op sy kinders veral daarin dat Hy ons nie as wese agtergelaat het nie, maar die ander Trooster, sy Heilige Gees, gestuur het om ons te lei.

Weet vir seker: Die HERE is seënend in ons midde. Hy weet ons kan nie daarsonder nie. Bid daarvoor!

*Sing: Psalm 20-1:2, 4*

*Ds. MJ Smidt (Tinus) (Emeritus)*